

JEUGLES: Bybel Tic-Tac-Toe

1. Praise and worship.

2. Ysbreker - PPT

Sê watter Bybelfiguur pas by die prentjie.

3. Bybelkennis Tic-Tac-Toe

Hierdie speletjie is dalk beter bekend as 0 en X. Wie van ons het dit nie as kind gespeel nie, en weet jy ons kinders speel dit vandag nog.

Vir hierdie weergawe geld dieselfde reëls as vir die oorspronklike speletjie, maar i.p.v jou 0 of X in die blokkies te trek het jy 'n papiertjie met 'n 0 en 'n X opgeskryf. Daar is 9 blokkies met Bybelfigure se name in die blokkies geskryf.

Elke deelnemer het vyf van dieselfde merkers wat hulle dan rondbeweeg i.p.v. teken.

As jy die merker op 'n blokkie gesit het moet die ander span aan jou 3 vraggies vrae oor die Bybelfiguur.

Die vrae is op kaartjies wat jy langs jou Tic-Tac-Toe bord sit, met elke figuur se naam aan die agterkant op geskryf. Wanneer jy jou merker op 'n blokkie wil sit moet jou maat of die persoon in beheer eers vir jou die vrae vra.

4. Crime Scenes

Agter in die saal is daar 9 crime scenes uitgepak oor die 9 Bybelfigure op die Tic- Tac- Toe bord. Elke groep het 'n blaai met die 9 crime scenes en by elkeen moet jy vier vraggies beantwoord oor die crime scene. Wanneer die groep klaar is kom sit julle in die kerk in jul groepe. Ons gaan die antwoorde saam behandel.

“Crime Scene” Vrae:

- 1 Oor watter Bybelfiguur gaan die “crime scene”?
- 2 Hoekom sê julle so, waar pas die bewysstukke in die verhaal?
- 3 Wat was die “crime” gewees?
- 4 Wat leer ek hieruit vir my eie lewe?

5. Sluit af in groepe en neem jul selfone.

“Crime Scene” antwoorde:

[Leiers kan self byvoeg by die antwoorde soos hulle goed dink die is net die basis.]

Crime 1 - Josef [groen gekleurde lap- vir Josef se kleed]

- 1 Josef
- 2 Mooi kleed wat sy pa vir hom gegee het
- 3 **“Human Trafficking”/Jaloersheid** -Sy broers het hom verkoop aan die Egiptenaars en sy kleed gevat en geskeer en met bloed van ‘n bokkie gesmeer en vir hul pa gesê ‘n wilde dier het hom gevang. Josef se broers was jaloers op hom. In Egipte het Josef baie slegte dinge deur gegaan soos bv in die tronk gegooi. Josef was ook vals beskuldig dat hy by die Faraos se vrou wou aanlê. Josef het egter aan God vasgehou en God het hom geseën. Hy was 2de in bevel van Egipte.
4. Dit mag dalk baie moeilik gaan met jou op die oomblik en dit voel vir jou Jesus het vergeet van jou maar vertrou Hom Hy weet van jou. Selfs al die slegte goed wat tans in die wêreld gebeur moet ons daaraan vashou dat Jesus is in beheer.

Crime 2 - Jona [Vis en ore]

- 1 Jona
- 2 Die groot vis en ore
- 3 **Ongehoorsaam**- Jona het nie na God geluister om na Ninevé te gaan en vir hulle die boodskap van God te gaan vertel nie. Sy opdrag was om vir hulle te vertel dat hulle, hulle moet bekeer of God gaan die stad verwoes, Jona was bang en het eerder na ‘n ander dorp gegaan. Op die see het daar ‘n storm los gebars en Jona het aan die bemanning van die boot vertel van die opdrag wat hy gekry het en hulle moet hom oorboort gooi dan sal die storm bedaar. ‘n Groot vis het Jona ingesluk. Na drie dae het Jona besef hy was verkeerd en het vir God jammer gesê en die vis het hom uitgespoeg.
- 4 As God jou ‘n opdrag gee wees gehoorsaam en doen dit wat Hy van jou vra.

Crime 3 - Jesus [kroon en kruis]

- 1 Jesus.
- 2 Kroon wys Jesus is Koning en kruis wys na Sy kruisdood-liefde vir ons.
- 3 **LIEFDE** -Jesus was vals beskuldig. Hy was sonder sonde en moes in ons plek wat sondaars is sterf sodat Hy die prys kom betaal en ons kan vry wees.
- 4 Dat Jesus baie lief is vir my. Dat ek soos Jesus moet leef teenoor my medemens as ‘n bewys vir my dankbaarheid vir wat Hy vir my gedoen het.

Crime 4 - Simson [hare]

1. Simson
- 2 Die hare. Simson mag nie sy hare gesny het nie. Sy krag was in sy hare.
- 3 **Verleibaar** -Simson het ‘n meisie gehad met die naam Delila. Die Filistyne het haar omgekoop om by hom uit te vind wat maak hom so sterk. Simson kon die “genag” van Delila nie meer verduur nie en sy geheim vir haar vertel. Sy het toe hy slaap sy hare afgesny en die Filistyne het hom gevange geneem want hy was nie meer sterk nie.
- 4 Moenie die beloftes wat God vir jou gegee het weggooi vir die vyand nie. Staan op dit wat Hy jou gegee het en wees gehoorsaam daaraan.

Crime 5 - Eva [slang]

- 1 Eva
- 2 Die slang. Die slang het Eva in die Paradys verlei .
- 3 **Ongehoorsaam** -Eva het van die vrug van die boom geet wat God uitdruklik hulle verbied het om nie te eet nie.
- 4 Wees gehoorsaam aan God se opdragte wat Hy jou gee.

Crime 6 - Noag [diere]

- 1 Noag.
- 2 Twee van 'n soort diere moes in die ark ingaan.
- 3 **Sonde** -Die mense was baie sondig. Hulle wou nie na God luister nie en Hy was vir die eerste keer spuit dat Hy die mens gemaak het. Hy het vir Noag beveel om 'n ark te bou en Noag en sy gesin en 2 van elke dier soort moes in die ark gaan want God het besluit om die aarde te verwoes deur baie reën te stuur soveel so dat die hele aarde onder water was net Noag en sy gesin en die diere het oorleef.
- 4 Dus hartseer om daaraan te dink dat God spuit was dat Hy die mens gemaak het omrede hulle so baie sonde gedoen het en nie eens aan God gedink het nie. God kom gee die mens 'n 2de kans hier op aarde , kom ons wees nie so hardkoppig en hou aan met sonde doen nie. Kom ons leef reg voor God en ons probeer soveel moontlik mense wat in die donker [sonde] leef na Jesus te bring.

Crime 7 - Dawid [slingervel en klippies]

- 1 David.
- 2 Die slinger vel en 5 klippies waarmee David die reus Goliath doodgemaak het.
- 3 **Vervloeking/sleg praat/uitart/vertroue** -Die Filistyn, Goliath , het God se volk Isreal en God self, die heeldag verkleineer[gespot]. Hy het ook David vervloek toe hy sien watter klein mannetjie die Isrealliete vir hom stuur om teen te veg. Maar David het God geken en Hom vertrou met sy lewe en hy het geweier dat Goliath so van sy God praat.
- 4 Moenie 'n bespotting maak van God en Sy kinders nie. God sal altyd opstaan vir Sy kinders. Ons kan God altyd vertrou in alle omstandighede.

Crime 8 - Daniel [leeus]

- 1 Daniel.
- 2 Klomp leeus. Daniel was in die leeu kuil gegooi .
- 3 **Gehoorsaamheid/vasberadenheid** -Die koning het 'n bevel uitgevaardig dat vir die volgende 30 dae geen mens of god aanbid mag word nie net die koning homself mag in die 30 dae aanbid word. Indien iemand die bevel nie gehoorsaam nie moet hulle in die leeu kuil gegooi word. Daniel was baie lief vir God en het nog steeds 3 keer 'n dag God aanbid. Hy is gevang en in die leeu kuil gegooi. God het egter die leeus se bekke toe gebind [geestelik].
- 4 Mense, vriende en dinge sal jou probeer weglok om nie God te aanbid nie. Hulle sal jou wil bewys daar is beter en lekkerder dinge as om jou lewe aan God te wy. Moenie dat iemand jou vertel om iets of iemand anders te aanbid as die ware God nie.

Crime 9 - Moses [baba in mandjie]

- 1 Moses.
- 2 Baba in biesiemandjie. Moses se ma het hom in 'n biesie mandjie gesit op die Nylrivier om hom weg te steek van koning Faroa.
- 3 **Selfsugtigheid/Afguns** - Koning Faroa was bang dat die Isrealiete sterker en groter sal word as hulle en het toe 'n bevel uitgestuur dat alle Isrealitiese baba seuntjie by geboorte dood gemaak moes word.
- 4 As God jou vir 'n spesifieke plan en taak gemaak het gaan geen mens dit wat Hy vir jou beplan het van jou af wegvat nie.